40 MINUTE BYBEL-STUDIES

’N 6-WEKE GEEN-TUISWERK BYBELSTUDIE

MEER AS EEN MILJOEN IN DIE REEKS VERKOOP

Verstaan Geestelike Gawes

# Verstaan
# Geestelike Gawes



Kay Arthur, David & BJ Lawson

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

40 minute BYBELSTUDIES

40minute
BYBELSTUDIES

# Verstaan Geestelike Gawes

Kay Arthur, David & BJ Lawson

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

Verstaan Geestelike Gawes
Gepubliseer deur Precept Ministries South Africa
met toestemming van WaterBrook Press
12265 Oracle Boulevard, Suite 200
Colorado Springs, Colorado 80921
*A division of Random House Inc.*

A translation of the book
Understanding Spiritual Gifts
*by* Kay Arthur *and* David & BJ Lawson
published by WaterBrook Press

© Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

ISBN 978-1-62119-427-9

Kopiereg © 2007, 2009 Precept Ministries Suid-Afrika

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk deur Bevan Group, Strand
2015

10 9 8 7 6 5 4 3 2 1

# INHOUD

Hoe om hierdie studie te gebruik . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . v

**Inleiding:** Verstaan Geestelike Gawes . . . . . . . . . . . . . . . . 1

**Week 1:** Die kwalifikasie vir geestelike gawes . . . . . . . . . . 3

**Week 2:** Die oorsprong en doel van geestelike gawes. . . . . . . 15

**Week 3:** Kan jy jou gawe(s) kies of verdien? . . . . . . . . . . . 25

**Week 4:** Wat verwag God moet jy met jou gawe(s) doen? . . . . . 37

**Week 5:** Waarom het die gemeente jou gawe(s) nodig?. . . . . . . . . 49

**Week 6:** Voorbeelde van gawes in werking . . . . . . . . . . . . . . 63

## HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel sê oor verskeie onderwerpe, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir ’n middagetegroep by die werk, ’n vroegoggendmannegroep, ’n jongmoedergroep in ’n huis, ’n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het — soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe — en wat net gedeelte van hul tyd saam aan werklike studie wil bestee, terwyl die orige tyd vir gebed, gemeenskap of ander aktiwiteite gehou word.

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig* én *saam* kan voltooi. Die bespreking van die insig wat jy verkry het uit wat God omtrent die onderwerp sê, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit ’n groepstudie is, benodig jy ’n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So ’n persoon se taak is *nie* dié van ’n lektor of onderwyser nie. As hierdie boek egter in ’n Sondagskoolklas of ’n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en bykomende insig by te voeg bý dit wat in die les van elke week voorsien word.)

As jy jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Werk deur die les en merk die teks voordat jy die bespreking lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die bespreking met groter gemak te lei. Kies as leier ’n spesifieke kleur vir elke simbool. Dit sal jou help om die groep te lei met die merk van woorde.
- Begin by die begin van die teks en lees dit eenvoudig hardop

in die volgorde in die les, insluitende die "insigraampies" wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die teksverse lees, moet die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die bosprekingsvrae is daar om jou te help om die materiaal te hanteer. Jy sal dikwels vind dat, sodra die klas tot die bespreking oorgaan, hulle self die vrae sal stel. Onthou, die vrae is daar om die groep by die bespreking te hou, nie om die bespreking te belemmer nie.
- Dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die weeklikse les. Maak seker dat elkeen volop geleenthede het om aan die besprekings deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, mag jy gerus 'n les oor meer as een byeenkoms laat strek. Onthou egter: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag, as om mense te hê wat uitsak weens 'n afname in belangstelling.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy op 'n sagte, dog vriendelike manier, die groep herinner om te fokus op die waarheid van die Skrif. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat mense sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te spreek. Sý Woord ís die waarheid (Johannes 17:17)!

# VERSTAAN GEESTELIKE GAWES

Verskeie denominasies plaas deesdae groot klem op vreemdeling-vriendelike omgewings en die implementering van kerkgroei-programme. Hulle bou fenomenale multimedia-bedieninge en stel personeel met "besondere visie" en charismatiese persoonlikhede aan.

Wie word egter werklik hierdeur verheerlik: Gód, of die mens?

In ons pogings om treffende eredienste aan te bied, is dit moontlik dat ons een van God se sleutel voorsienings vir geestelike groei en -volwassenheid kan mis: geestelike gawes.

Geestelike gawes is noodsaaklik in die bediening aan elke liggaam van gelowiges. Almal van ons, wat volgelinge van Christus is, behoort saam te werk om die liggaam te versterk, eenheid mee te bring en om skynende ligte in die duisternis te wees, om so God te verheerlik. Ons doen dit deur die kragtige werking van die Heilige Gees, deur die gawes wat Hy aan ons meegedeel het.

Die prediker A.W. Tozer skryf: "Hierdie is nie bloot natuurlike gawes nie, maar gawes wat die Heilige Gees skenk om gelowiges toe te rus vir diens in die liggaam van Christus. Dit is soos die individuele pype van 'n pyporrel wat die orrelis in staat stel om 'n wye verskeidenheid klanke voort te bring en musiek van uitstaande kwaliteit te skep. Ek wil egter beklemtoon dat dit meer is as blote talent—dit is *geestelike* gawes."[1]

Ongelukkig is baie Christene, wat geestelike gawes aanbetref, oningelig—wat dit is, hoe dit ontvang word en hoe dit gebruik moet word.

In die volgende ses weke sal jy antwoorde op hierdie vrae, en meer, vind. Soos jy God se plan vir die gebruik van geestelike gawes in jou gemeente beter verstaan, sal die studie van die onderwerp jou voorberei om deel te wees van God se meesterplan. Dit sal jou in staat stel om 'n aktiewe rolspeler in Sy diens te wees, nie alleen in die liggaam van Christus nie, maar selfs ook in die die wêreld.

> Ons moet steeds ontdek wat God deur die kerk wil doen as ons maar net onsself met die geopende Woord voor Hom wil neerwerp en uitroep: "Kyk, U kneg, Here! Laat U wil in mý lewe geskied!"[2]

1 A.W. Tozer, *Keys to the Deeper Life* (Grand Rapids: Zondervan, 1984), bladsy 44.

2 Tozer, *Keys to the Deeper Life*, bladsy 47

Die onderwerp oor geestelike gawes is dikwels so verwarrend dat dit moeilik is om te weet waar ons met ons bespreking moet begin. Daar is soveel vrae. Wie het ’n geestelike gawe: Almal—of slegs super-geestelike mense?

Ons gaan ons na die Gewer van die gawes vir antwoorde wend, sodat Hy dit self kan verduidelik. Terwyl jy self die eenvoudige waarhede in die Bybel ontdek, glo ons dat jy die onderwerp nie naby so ingewikkeld sal vind as wat jy aanvanklik gedink het nie.

Die eerste twee vrae wat ons sal beantwoord is: "watter soort gawes is daar?" en "wie kwalifiseer vir die ontvangs van ’n gawe?"

## WAARNEMING

Jesus het Petrus vir die wêreld se verdrukking voorberei, sodat hy ander daarvoor kon voorberei. Daarom het die apostel ’n brief aan die uitverkore gelowiges wat tydens die destydse vervolging in Asië verstrooi is, geskryf om hulle te bemoedig en te leer hoe om volgens God se wil te lewe (1 Petrus 1:2; 4:2).

***Leier:*** *Lees 1 Petrus 4:10-11. Laat die groep hardop saam sê en*

- *elke verwysing na **genadegawe,** insluitende voornaamwoorde soos **daarmee**, met ’n reghoek merk, só:* ▭
- *elke verwysing na **elkeen**, wat hier na **gelowiges** verwys, onderstreep.*

### 1 Petrus 4:10-11

10 Namate elkeen ’n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.

11 As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag

toekom tot in alle ewigheid. Amen.

*Wanneer jy die teks lees, is dit nuttig as die groep die sleutelwoorde sê terwyl hulle dit merk. Op dié manier sal elkeen seker wees dat hy/sy die woord merk elke keer as dit voorkom. Dit geld ook vir alle sinonieme woorde of -frases. Doen dit dwarsdeur die studie.*

**INSIG**

Een manier om die teks beter te verstaan, is om die gedeelte aan die hand van die 5 W's en H-vrae te ondersoek —*wie, wat, wanneer, waar, waarom* en *hoe*. Deur dié vrae te gebruik, werk jy stadiger deur die teks en kan jy raaksien wat die skrywer eintlik sê.

## BESPREKING

- **Wie** ontvang 'n gawe?

- **Waaroor** handel hierdie Skrifgedeelte?

- **Waarvoor** moet gelowiges hul gawes aanwend?

- **Hoe** moet hulle dit wat hulle ontvang het, gebruik?

- Is die bedoeling dat die genadegawe vir persoonlike voordeel is? Motiveer jou antwoord.

**INSIG**

'n *Genadegawe* is 'n Godgegewe vermoë om God en ander Christene op so 'n wyse te dien dat God verheerlik en gelowiges opgebou word. Elke gelowige het, ongeag sy menslike vermoëns, ten minste een genadegawe. In Afrikaans word die term *geestelike gawe* meer algemeen gebruik as *genadegawe*.

- In **watter** twee kategorieë verdeel Petrus geestelike gawes?

- **Wat** moet hulle wat veronderstel is om te spreek, sê?

- **Hoe** moet hulle wat dien hierdie rol vervul?

- **Waarom** moet geestelike gawes volgens hierdie voorskrifte beoefen word? Let op die einde van vers 11 vir die antwoord.

- Kom ons evalueer wat jy so pas geleer het en hoe dit op jou van toepassing is. Oorweeg die wyse waarop, asook jou begeerte waarvolgens, jy die kerk (wil) dien. Watter kategorie beskryf die gawe wat jy van God ontvang het die beste: diens- of spreekgawe(s)?

- Wat sê ander vir jou wat dít bevestig?

## WAARNEMING

Die vroeë kerk het groeipyne ervaar wat die dissipels daarop gewys het dat dit vir hulle onmoontlik sou wees om al die werk self te doen.

***Leier:*** *Lees Handelinge 6:1-6 hardop. Laat die groep saam sê en*

- *'n sirkel trek om elke verwysing na* ***versorging*** *en* ***bedien****.*
- *'n reghoek trek om elke verwysing na* ***die woord****:*

### Handelinge 6:1-6

1 En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is.

2 En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en

## BESPREKING

- Watter klagte het in die gemeente ontstaan?

- Hoe, volgens vers 2, het die twaalf hierop gereageer? Wat sê dit vir jou omtrent hul begrip van húl gawes?

- Watter soort gawes het die twaalf gehad?

- Watter kategorie gawes was nodig om die konflik te beredder?

- Vandag glo heelwat mense dat die pastorale personeel verantwoordelik is vir al die gemeentelike werk. Is dit waar, volgens dit wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het? Motiveer jou antwoord.

gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie.

3 Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel;

4 maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.

5 En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochíë,

6 wat hulle voor die

apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê.

**EFÉSIËRS 4:1-6**

1 Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,

2 met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra

3 en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.

4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;

5 een Here, een geloof een doop,

- Hoe stem dit ooreen met dit wat jy in 1 Petrus gelees het?

## WAARNEMING

In die eerste drie hoofstukke van sy brief aan die Efésiërs beskryf Paulus ons wonderlike verlossing. In hoofstuk 3 skryf hy spesifiek oor die feit dat geloof in Christus eenheid bewerk tussen groepe mense wat radikaal van mekaar verskil, soos byvoorbeeld tussen Jode en heidene. In die lig hiervan, begin hy Efesiërs 4:1 met "Ek vermaan julle *dan* . . ."

***Leier:*** *Lees Efésiërs 4:1-6 hardop. Laat die groep hardop sê en*

- *elke verwysing na* ***eenheid****, asook die woord* ***een****, met 'n halwe sirkel merk, só:*



- *'n stokmannetjie trek oor die woord* ***liggaam****, só:* 

## BESPREKING

- Stel 'n lys op van die van die soort gedrag wat Paulus, volgens vers 1-2, van gelowiges verwag.

- Waarom behoort ons so op te tree, volgens vers 3?

- Wat het jy geleer deur *een* in vers 4-6 te merk?

- Hoe is hierdie waarhede op die onderwerp van geestelike gawes van toepassing?

6 een God en Vader
van almal, wat oor
almal en deur almal en
in julle almal is.

**EFÉSIËRS 4:7-8; 11-16**

7 Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus.

8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.

11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,

12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,

13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;

## WAARNEMING

Paulus volg sy beskrywing van wat gelowiges met mekaar in gemeen het, op met hoe hulle van mekaar verskil. Kom ons kyk na wat hy as terreine van individualiteit binne die eenheid van die Gees identifiseer.

***Leier:*** *Lees Efésiërs 4:7-8 en 11-16 hardop. Laat die groep hardop sê en*

- *'n reghoek trek om die woorde* ***gee, gegee*** *en* ***gawes****.*
- *elke verwysing na die* ***liggaam*** *met 'n stokmannetjie merk.*

***Leier:*** *Lees die gedeelte weer deur. Laat die groep hierdie keer*

- *elke verwysing na Christus hardop sê en met 'n kruis merk, só:* †

## WAARNEMING

- Volgens vers 7 en 8, wie gee wat aan wie?

• Wanneer het dit gebeur?

• Maak 'n lys van die gawes wat in vers 11 genoem word.

**INSIG**

*Apostel*—iemand wat met 'n boodskap uitgestuur is.

*Profeet*—iemand met 'n Godgegewe vermoë om 'n boodskap uit God se Woord te lewer wat die liggaam opbou, aanmoedig of vertroos.

*Evangelis*—'n boodskapper wat goeie nuus oordra; iemand wat die evangelie verstaanbaar kommunikeer sodat ander daardeur in Jesus glo.

*Pastor en leraars*—hulle sorg vir, en onderrig, plaaslike gemeentes.

*Pastor*—'n herder; iemand wat voed, versorg en die kudde beskerm.

*Leraar*—'n onderwyser wat die waarhede van die Woord duidelik en verstaanbaar verkondig.

**14** sodat ons nie meer
kinders sou wees nie
wat soos golwe geslin-
ger en heen en weer
gedryf word deur elke
wind van lering, deur
die bedrieëry van die
mense, deur sluheid
om listiglik tot dwaling
te bring;

**15** maar, terwyl ons
in liefde die waarheid
betrag, in alles sou
opgroei in Hom wat
die Hoof is, naamlik
Christus,

**16** uit wie die hele
liggaam—goed saam-
gevoeg en saamverbind
deur die ondersteuning
wat elke lid gee volgens
die werking van elke
afsonderlike deel in sy
mate—die groei van
die liggaam bevorder
vir sy eie opbouing in
liefde.

- Het almal *al* die gawes ontvang? Motiveer jou antwoord.

- In watter kategorie van gawes val die gawes wat hier genoem word: spreek- of diensgawes?

- Wat is die doel van hierdie gawes, volgens vers 12?

- Vir watter tydperk word hierdie gawes benodig?

- Hoe behoort ons uiteindelik te lyk as ons hierdie gawes wat ons ontvang, gebruik?

- Wat is die verband tussen hierdie gawes en die welsyn van die gemeente, volgens vers 16?

## SAMEVATTING

Terwyl ons vir die volgende vyf weke die onderwerp van geestelike gawes in meer besonderhede gaan bestudeer, is die eenvoudige waarheid van hierdie week se les dat jy jou gawe(s) van God ontvang.

Soos ons duidelik gesien het, "namate elkeen 'n *genade*gawe ontvang het . . . " (1 Petrus 4:10). Dit beteken dat, indien jy 'n volgeling van Jesus is, jy 'n gawe van God ontvang het om die liggaam van Christus, die kerk, te dien.

Daardie kennis behoort vir jou 'n geweldige aanmoediging te wees. Wat 'n ongelooflike voorreg!

Ons het ook hierdie week geleer dat geestelike gawes in twee kategorieë gedeel kan word: diens- en spreekgawes. Een kategorie is nie belangriker as die ander nie, omdat die gawes bedoel is om die heiliges toe te rus en die liggaam op te bou. Elke gawe is belangrik.

As jy steeds nie weet wat jou gawe is nie, sonder hierdie week tyd af en dink bietjie na oor die wyse waarop jy reeds in die voorsiening in die behoeftes van ander betrokke is, of die spesifieke funksies wat jy in jou gemeente vervul. Meeste mense word natuurlik betrek in bedieningsterreine wat hul spesifieke gawes pas—dit behoort jou beter insig te gee.


Indien jy nie op een of ander wyse in gemeentelike aktiwiteite betrokke is nie, wil ons jou aanmoedig om vas te stel waarom nie. As jy 'n volgeling van Christus is, het Hy jou toegerus en geroep om 'n aktiewe rolspeler in sy werk te wees. Sal jy sy roeping waardig wees?


# 40 MINUTE BYBEL STUDIES





















# Geen-tuiswerk Bybelstudies


Help Jou om die Waarheid self te ontdek
























# OMTRENT KAY ARTHUR EN PRECEPT MINISTRIES INTERNATIONAL

KAY ARTHUR is wêreldbekend as internasionale Bybelleraar, skrywer, konferensiespreker en gasheer van die nasionale radio- en televisieprogramme *Precepts for Life*, wat 'n wêreldwye gehoor van meer as 4 miljoen het. Sy het reeds vier keer die Gold Medallion Award as skrywer verower en is die outeur van meer as 100 boeke en Bybelstudies.

Kay en haar eggenoot, Jack, stigter van Precept Ministries International in 1970 te Chattanooga, Tennesee, se visie is om mense te vestig in God se Woord. Vandag het die bediening wêreldwyd uitgebrei. Tesame met induktiewe Bybelstudie-werkswinkels en duisende kleingroep Bybelstudiegroepe regoor Amerika, reik PMI uit na ongeveer 185 lande met induktiewe Bybelstudies, wat reeds in 70 tale vertaal is. Die bediening leer mense hoe om waarheid self te ontdek.

Skakel Precept Ministries Suid-Afrika vir meer inligting oor induktiewe Bybelstudies in jou omgewing.

Precept Ministries South-Africa
Posbus 539
Howard Place, 7450
Tel.: +27 (0)21 531 1836
www.precept.org.za